Verskyn sedert 1 April 1873 as "De Maandbode" en sedert 1 Oktober 1894 as "Het Kerkblad"

die Kerkblad

Des 2018/
Jan 2019

'n Publikasie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika



"Ek is die goeie herder. Ek ken my skape,
en my skape ken My, net soos die Vader
My ken en ek die Vader ken;
en Ek lê my lewe af vir die skape."
- Johannes 10:14-15

www.gksa.org.za

Webwerf: http://www.gksa.org.za/

Redaksie, Bemarking en Administrasie
Posbus 20008, Noordbrug 2522
Tel. (018) 297-3986/7/8/9
Faks: (018) 293-1042
E-pos:kerkblad@gksa.co.za
(artikels, briewe ens.)
tydskrifte@gksa.co.za
(Intekening, rekeningnavrae)
bestellings@gksa.co.za
(boekbestellings ens.)

Redaksie
Prof. CFC Coetzee (redakteur)
- 082 337 7951
- Callie.Coetzee@nwu.ac.za

Mev. J Fourie (kopieredakteur)
- Tel. 018 297 3986
- kerkblad@gksa.co.za

Ds. C Aucamp
Prof. SP van der Walt
Prof. J Smit
Mev. V de Kock
Dr. MN Hermann

Uitleg en tegniese versorging
Joey Fourie

Advertensies en kleinadvertensies
Tariewe op aanvraag beskikbaar by dr. Wymie du Plessis: tel. (018) 297-3989.
E-pos: wymiedup@gksa.co.za

Intekengeld
Sien al die opsies vir intekening op die intekenvorm elders in die uitgawe

Intekengeld word jaarliks aangepas. Intekening moet skriftelik of telefonies deur die intekenaar gekanselleer word. Maak tjeks uit aan:
Die Administratiewe Buro

Eienaars en uitgewers
Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Drukkers
V & R Drukkery, tel. (012) 333 2462

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting en/of verwerking van bydraes voor.



JAARGANG 120, NO. 3330 -
Desember 2018/Januarie 2019

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

Die Redaksie van Die Kerkblad wens al ons lesers 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar toe

INHOUD

1 VAN DIE REDAKTEUR
Teologiese Skool: 150 jaar van genade

4 UIT DIE WOORD
Die Gestuurde stuur jóú

6 REDAKSIONEEL
Die engele as skepsels van God (2)

8 BRANDPUNT
Christelike onderwys

FOKUS
12 Die omgewing in die toekomslig van Openbaring
14 Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan
16 Hoe leer ons die natuur ken?

AKTUEEL / BESINNING
18 Geloftedag ... 'n prinsipiële besinning

ANDER
20 Woorde in die Bybel – Vrede
25 Ons vier fees! Die Teologiese Skool van die GKSA word 150 jaar oud
26 Kuratorerapport aan die kerke November 2018
28 Proponente beroepbaar gestel

IN DANKBARE HERINNERING ...
22 Ds. PGL van der Walt

30 Lief en Leed
32 Kerklike administrasie
34 Kleinadvertensies

Teologiese Skool: *150 jaar van genade*

Die jaar 2019 is vir ons in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 'n baie besondere jaar. Ons herdenk as kerke en Teologiese Skool die 150-jarige bestaan van die Teologiese Skool. Oor die verloop van 150 jaar is ongeveer 800 predikante opgelei. Verder het die beroepe professore aan die Teologiese Skool ook as dosente van die Universiteit die opdrag gehad om Bybelkunde aan voornemende onderwysers en ander studente te doseer, en duisende studente is hier onderrig in die Gereformeerde Teologie. Ons kyk voorwaar terug op 150 jaar van God se genade en verbondstrou.

In die res van *Die Kerkblad* se uitgawes vir 2019 hoop ons om DV deurlopend aan hierdie saak aandag te gee.

Oprigting van die Teologiese Skool

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) is in 1859 te Rustenburg herstig. Die eerste predikant was ds. Dirk Postma. Gedurende die eerste tien jaar is voornemende predikante deur ds. Postma self opgelei. Dit het dikwels vanuit 'n ossewa en rondom 'n kampvuur gebeur wanneer ds. Postma op reis was om die verskillende gemeentes te besoek.

Die Sinode van Mei 1869 in Potchefstroom het besluit om 'n Teologiese Skool op te rig en wel te Burgersdorp waar ds. Postma toe predikant was. Die destydse kerkgebou van Potchefstroom (vandag bekend as die "ou kerkie"), waarin die besluit geneem is, is 'n aantal jare gelede met behulp van die PU vir CHO gerestoureer en as nasionale gedenkwaardigheid verklaar. Dieselfde geboutjie is in die vroeë jare ook vir 'n tyd lank deur die PUK (Potchefstroomse Universiteitskollege) as 'n klaslokaal gebruik.

Die Teologiese Skool is op 29 November 1869 geopen, met ds. Dirk Postma en ds. Jan Lion-Cachet as eerste dosente. Albei was ook steeds predikant van Burgersdorp.

Die Sinode van April 1904 het om verskeie redes besluit om die Teologiese Skool na Potchefstroom te verskuif. Die geboue van die Skool in Burgersdorp is (ook met behulp van die PU vir CHO) as 'n kosbare museum ingerig wat die eerste jare van die Teologiese Skool in blywende herinnering roep.

Die verskuiwing het vroeg in 1905 plaasgevind. Sedertdien is die Teologiese Skool en die gemeenskap van Potchefstroom se geskiedenis onlosmaaklik verweef. Laerskool Mooirivier het tot vandag die bynaam "Tokkies" (afgelei van "Tokkelok"?). Al die geboue van destyds is steeds in gebruik. Die rektorswoning is ingerig as die "Totiushuis" en vlak daarnaas is die museum van die GKSA. Die "Ou Teologiese Skoolgebou" huisves tans die "Totius Akademie", 'n privaat Gereformeerde skool. Die koshuise van destyds is ingerig as woonstelle vir teologiese studente.

Teologiese Skool en Universiteit

Saam met die besluit om 'n Teologiese Skool op te rig, is daar besluit om met 'n "Literariese departement" te begin, waar studente ook as onderwysers en vir ander beroepe opgelei kon word. Hieruit het 'n volwaardige en selfstandige universiteit ontwikkel, sedert 1951 bekend as die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Vir dekades het die TSP en die PU vir CHO as selfstandige inrigtings, maar ook in die allernouste band met mekaar, bestaan. In 1969 is die Eeufees van beide inrigtings gesamentlik gevier.

Deur 'n politieke besluit is die PU vir CHO in 2004 gedwing om saam te smelt met die Universiteit van Noordwes (Mahikeng). Sedertdien staan dit bekend as die Noordwes-Universiteit (NWU). Volgens mededeling is die Bestuur van die NWU nie bereid om op enige wyse betrokke te wees by enige feesvierings in 2019 nie.

Dit is dwaas om die geskiedenis ongedaan te probeer maak deur dit te ignoreer. Dit is ook dwaas om te dink jy kan 'n nuwe universiteit begin sonder om 'n bepaalde agtergrond in ag te neem. Buitendien is die herinnering aan die verlede onmiskenbaar. Behalwe vir die werk wat oor meer as 'n eeu gedoen is in die uitbou van die Christelike wetenskap, is daar die konkrete bewyse in geboue soos die "Ou Hoofgebou", wat onder andere opgerig is met milde bydraes uit die kerke van die GKSA.

Die geskiedenis kan nie ongedaan gemaak of uitgewis word nie, soveel te meer nie wanneer God se Hand so duidelik in die geskiedenis gesien kan word nie. Die geskiedenis van die TSP en die PU vir CHO is ook die geskiedenis van God se Verbondstrou. Dit is sy Koninkrykswerk, te midde van en ten spyte van menslike sonde en gebrokenheid. Hy laat nie vaar die werke van sy hande nie. Die ideaal van die "herlewing" van 'n volwaardige Christelike universiteit mag nooit prysgegee word nie.

Skool van en vir die kerke

Die Teologiese Skool is uiteindelik niks anders nie as die Skool van die kerke en vir die kerke. Dit is deur die kerke opgerig en moet deur die kerke in stand gehou word. Die kerke hou ook toesig oor alle aspekte van die opleiding en die professore deur die Kuratorium.

Die band tussen die kerke en die TSP mag nooit verslap nie. In die vroeë jare is daar die sogenaamde "TSP-Universiteitsdae" gehou waar personeel van beide die TSP en PU vir CHO die kerke besoek het. Vandag besoek professore van die TSP gereeld die kerke in klassisverband. Dit is van die grootste belang dat die kerke ook ten nouste betrokke sal wees by die feesvierings van 2019.

Ons roeping

Ons herdenk 'n wonderlike mylpaal langs die pad van die geskiedenis. Ons doen dit in 'n tyd waarin die aanslag op die Gereformeerde leer en belydenis in felheid toeneem. Die dwaalleer in die kerk begin by die kateder en vandaar na die preekstoel. Dit is ons roeping om ten nouste saam te leef en te werk met die Teologiese Skool – deur ons voorbidding, deur ons konkrete betrokkenheid en offers, deur te waak oor die kosbare skat wat aan ons toevertrou is. Mag God ons daartoe help. CFCC

Die Teologiese Skool Burgersdorp is van 1869 af in dié buitegebou van die Gereformeerde pastorie gehuisves.

Dr. WC Opperman (Callie) (emeritus)

Die Gestuurde stuur jóú

Lees: Johannes 20:19-25
Teks: Johannes 3:17 – "God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word."

Die Gestuurde stuur julle na die wêreld! "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook" – dit was een van die eerste dinge wat Jesus aan sy dissipels gesê het ná sy opstanding uit die dood. Daarna het Hy sy Heilige Gees aan hulle gegee (Joh. 20:21-22).

Johannes beklemtoon by verskillende gebeure die feit dat Jesus die Gestuurde van God is. Veral in gesprekke oor sy gesag. By die herdenking van Jesus se geboorte uit die maagd Maria kom staan hierdie feit weer in die middelpunt van ons geloofsekerheid: Jesus is die Gestuurde van God, die een wat deur die hemelse Vader gestuur is. Daarom het Hy gesag, daarom is Hy die ware Verlosser.

Reeds aan die begin van hierdie Evangelie lees ons die samevatting van die liefdevolle God se verlossingspad met die mensdom. Jesus word die "Lig vir die wêreld" genoem. *"Die ware lig wat elke mens verlig, was aan kom na die wêreld toe"* … *"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid"* (Joh. 1:9, 14).

Die lig en die heerlikheid van God was sigbaar in die optrede van Jesus wat die genade en waarheid van God aan die wêreld kom bekendmaak het. Tog sien baie mense nie dié heerlikheid raak nie. Hulle sien die lig en hoor sy woorde, maar verwerp die Gestuurde.

Jesus, die gesagvolle Gestuurde

Die gesag van Jesus is nie van die begin af deur almal aanvaar nie. Baie Jode het destyds die neus opgetrek vir die man van Nasaret. Vandag het dit nie verander nie, miskien selfs slegter geword. Openlik word te velde getrek teen die Persoon van Jesus. Wat in die Evangelies staan, is nie die volle waarheid nie, daar is 'n ander historiese Jesus – so word beweer.

Die Woord stel dit egter duidelik dat jou geloof in Jesus gegrond is in die feit dat Hy nie maar self begin preek en dissipels maak het nie. Nee, voordat Hy as mens gebore is, is reeds bekendgemaak dat Hy deur God die Vader gestuur is. Hy was reeds van voor die skepping af daar. Hy is die Woord van God, die Een deur Wie alles geskape is, die Messias oor Wie die woorde van die profete gehandel het.

In sy gesprek met Nikodemus is Jesus se koms só verduidelik: *"God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word"* (Joh. 3:16, 17). Hy is deur God gestuur. Met gesag gestuur! Nie om te veroordeel nie. Gestuur sodat mense in Hom sou glo!

Die gesag van die Ou-Testamentiese profete het ook vasgestaan in die feit dat hulle deur die Here gestuur is. Wanneer hulle profesie uitgekom het en die waarheid sodoende bevestig is, is hy as "gestuurde van God" erken. Sy woorde het gesag gehad, want dit is as die woorde van God aanvaar (Jer. 28:9).

Waartoe het Jesus gesag gehad?

- *Om God se werke te doen* – Jesus was veel meer as 'n profeet van God. Hy is die Seun van God wat na die wêreld gestuur is, met

gesag om te red wie verlore is. Nadat Jesus op die Sabbat die man wat 30 jaar lank verlam was, genees het, wou die Jode Hom des te meer doodmaak. Hy verweer Homself deur sy uitvoering van die werke van die Vader te beklemtoon. Die Seun kan niks uit sy eie doen nie. Hy doen maar net wat Hy die Vader sien doen; wat die Vader ook al doen, doen die Seun ook net so (Joh. 5:19).

- *Om die woorde van God te spreek* – Hy het geleer volgens die opdrag van die Vader wat Hom gestuur het (Joh. 7:16). "Wie My nie liefhet nie", het Jesus gesê, "neem my woorde nie ter harte nie; en die woorde wat julle hoor, is nie myne nie, maar die Vader s'n wat My gestuur het" (Joh. 14:24). Deur sy onderrig kon die mense die ware God leer ken, want Jesus het sy wil met gesag bekendgemaak. Dit was sy opdrag en dit was sy lewe. Daarvoor het Hy mens geword. Deur Jesus te ken, het mense God leer ken. Deur sy leer kon mense tot geloof kom. Dié wat glo dat Jesus die Gestuurde was en die Seun van die Vader, gaan uit die dood na die lewe oor (Joh. 5:24).
- *Om God aan die mense te vertoon* – Jesus het gesê: "Wie in My glo, glo nie net in My nie, maar ook in Hom wat My gestuur het. En wie My sien, sien ook Hom wat My gestuur het" (Joh. 12:44, 45). Die gesagvolle optrede van Jesus, sy liefdevolle uitreik na sondaars, siekes, treurendes en afgestorwenes het die ware karakter van God aan die wêreld vertoon. In Hom was die volle wese van God teenwoordig (Kol. 1:19).
- *Om die voedsel vir die ewige lewe te gee* – Jesus het verskeie male mense van siekte en nood verlos. So ook het Hy deur 'n wonderwerk voedsel aan 'n skare voorsien. Hy maan egter dat diegene wat van daardie voedsel geëet het, weer sal honger kry. Ons moet die voedsel vir die ewige lewe van Jesus ontvang. Daartoe het die Vader Hom die mag gegee (Joh. 6:27). Die voedsel van die ewige lewe ontvang mens deur te glo in Hom wat vir Jesus gestuur het.

Onthou! Jy is ook God se gestuurde

Met die gesag wat van die Vader kom, stel Jesus sy roeping vir elke gelowige: Ek, die Gestuurde, stuur jou na die wêreld. Vir sy dissipels het Hy die opdrag as die Gekruisigde wat opgestaan het, gegee. Hulle kon die merke van die spykers nog in sy hande sien. Daartoe was Hy gestuur, om te sterf vir ons sonde. En Hy was gehoorsaam aan sy opdrag, sodat Hy kon sê: "Dit is volbring."

Die herdenking van Jesus se geboorte as mens kan nooit in isolasie gesien word nie. Die kindjie in die krip is later die man aan die kruis. In Jesus sien die sondaarwêreld God se liefde, wat sy straf op sy Seun uitgiet. So volledig het Jesus die straf gedra dat sondaars uit die duisternis na die lig kon kom. Nie meer verlore nie, maar gered. Nie meer dood nie, maar geseën met die ewige lewe.

Jesus, die Gestuurde, stuur jou die wêreld in met die boodskap van God se liefde vir sondaars. Jy ontvang die gesag om jou dienswerk te doen van God wat die stuur-opdrag gee. Jy kan getuie wees van Wie Jesus is. Die gevolmagtigde Seun van God, die ware Messias. Buiten Hom is daar geen verlossing nie. Hy veroordeel nie, maar wanneer iemand sy woorde wat jy verder dra, verwerp, verwerp hy vir Jesus. Daardeur veroordeel hy homself.

God rus jou toe om jou werk as gestuurde uit te voer. Die Vader en die Seun stuur die Voorspraak (Trooster) na mense, sodat hulle kragtige draers van God se boodskap kan wees.

God stuur jou aan die einde van 2018 met dié heerlike boodskap: Jesus is waarlik Seun van God! Sy geboorte, woorde, dade, gehoorsaamheid tot die kruis, opstanding en hemelvaart, sy uitstuur van die Gees bevestig dit.

Alleen deur geloof in Jesus Christus is daar vryspraak en nie veroordeling nie. Geloof word deur die Woord van God en sy Gees tot stand gebring. Jy het die Woord, jy het die genade ontvang om deur die geloof uit die dood na die lewe oor te gaan. Bedien hierdie boodskap as die woorde van die lewe aan 'n honger wêreld.

- Wees getrou aan die opdrag van Hom wat jou gestuur het.
- Wees medewerker van die gestuurde Jesus en instrument van sy Gees.
- Dra God se lig van liefde en verlossing tot in die harte van hulle wat deur Hom sy kinders gemaak word.

Dit maak Kersfees sinvol en gee vir die nuwe jaar 'n sinvolle verwagting. DK

Dr. SJ van der Walt (Kosbus) (emeritus)

Die omgewing in die toekomslig van Openbaring

In die ontvouing van die wêreldgeskiedenis het God in sy vrymag besluit om die omgewing in die verhouding en handelinge tussen God en mens in te trek. Volgens Romeine 8 ervaar 'n sugtende skepping die verskriklike gevolge van die sondeval van die mens. En in Openbaring word die natuurlike omgewing en sterrehemel instrumente in God se ontsagwekkende en vreesaanjaende oordeelsproses met 'n goddelose en onbekeerde mensdom. Hierdie wakkerroep- en oordeelsrol van die omgewing gaan ons nou verder aandui.

Enkele oriënteringsmerkers

Die boek Openbaring is deur God as 'n troosboek vir sy kerk gegee. Dit openbaar aan sy kinders dat sy troon in die ontvouing van die wêreldgeskiedenis sentraal staan. Hy is in beheer, want net Hy kan vir sy kerk wys wat hierna sal gebeur (4:1). Net Hy weet wat sy verborge bedoeling met alle dinge is (10:7). En ineengestrengel met die verloop van wêreldgebeure, is die natuur, die omgewing, die skepping en die heelal.

In Openbaring moet ons tussen omgewingsimboliek en omgewingswerklikheid onderskei. Daar is talle verwysings na omgewingsgestaltes wat uit die verband 'n duidelike simboliese betekenis het, soos die sterre in 1:16, die boom van die lewe in 2:7, die reënboog in 4:3, die winde in 7:1, die see in 13:1 ensovoorts. Daar is egter in die oopmaak van die seëls, met die blaas van die trompette en in die uitgooi van die bakke talle letterlike beskrywings van omgewingsgebeure wat van God se oordeelsingrype getuig.

Die oopmaak van die sewe seëls, die blaas van die sewe trompette en die uitgooi van die sewe bakke neem 'n sentrale plek in die boodskap van die boek in. Hierdie drie beskrywings is eintlik 'n eenheid, want vanuit die sewende seël kom die sewe basuine (trompette) en vanuit die sewende trompet kom die sewe bakke (skale/plae). En tog moet die tydskaal van die drie beskrywings eerder as drie paralelle gesien word wat langs mekaar staan.

Omgewingsflitse met die seëls

Tot en met die oopmaak van die vyfde seël is dit soos enkele flitse wat daarop dui dat God se oordele en straf ook langs die pad van die omgewing sal beweeg. Met die oopmaak van die derde seël en die swart perd in 6:5 is daar die beskrywing van voedseltekorte. Dit word intenser met die vierde seël en die vaal perd in 6:8. Die voedseltekorte word erger met hongersnood en pessiektes. Die oorsaak is nie droogte in die natuur nie, maar wel menslike selfvernietiging vanweë die oorloë tussen die mense.

Dit is eers met die oopmaak van die sesde seël vanaf 6:12 dat die omgewingsfaktore as katastrofiese en vreesaanjaende natuurrampe beskrywe word. Dit gaan gepaard met iets soos 'n sons- en 'n maansverduistering en 'n omverwerping van die bestaande orde. Wat dit alles gaan behels, kan ons nie met sekerheid omskrywe nie.

Een ding is egter duidelik en dit is dat die wederkoms van Christus deur geweldigde natuurrampe voorafgegaan word. Dit word deur Jesus in sy profetiese rede bevestig (Mark. 13:24-27).

Omgewingsflitse met die trompette en bakke

God se oordeelsvoltrekking word met die blaas van die trompette en die omkeer van die bakke intenser en die betrek van die omgewing hierby is diep en seer en ontstellend. Die trompette en die bakke word saam beskryf, omdat daar by albei in 'n groot mate amper 'n gelyklopende parallel ten opsigte van die eerste vier trompette en bakke is. Byvoorbeeld: By albei word daar melding gemaak van hael, weerlig, natuurstorms, brande, plantvernietiging, vulkaniese aktiwiteit met meegaande stofwolke, dalk 'n brandende meteoriet, seelewe wat tot niet gaan, aardbewings en 'n toename in die son se hitte.

Wat wel opvallend is, is dat met die trompette die oordele op die aarde gerig is en word die mense indirek getref. By die bakke word die bakke direk op die mense van die aarde uitgegooi.

Hoe rym dit met bewaring?

Met betrekking tot die omgewing in God se groeiende oordeelsvolvoering word die omgewingsbeskrywings in die meeste gevalle as 'n letterlike beskrywing verklaar. Dit is vreesaanjaend, hartseer en erg.

Ons is egter vandag nog besig om ons omgewing op te pas en te versorg. Daar is talle oproepe en motiverings om dit te doen, ook in hierdie tydskrif. Dit is die opdrag van die Here. Maar hoe rym dit met die profetiese lig van die boek Openbaring dat die omgewing al meer en meer gaan deel vorm van God se oordeelsvolvoering met 'n goddelose en onbekeerde mensdom? Moet ons nie maar ons harte, ore en hande vir omgewingsbewaring toemaak nie?

Nee, soos die skeppingsloflied in Openbaring 5:13 sing ons steeds ons Skepper se lof en buig ons voor Hom neer. Dit is alles in sy hande. Net soos ons weet dat talle mense in die natuurrampe gaan sterf, gaan ons voort om steeds vandag ons medemens se lewe te beskerm, want God leer ons dit in die sesde gebod – jy mag nie doodmaak nie.

Omgewingshoop

Romeine 8 vertel van 'n omgewing wat sug en wat verlang na 'n tyd wanneer al die verganklikheid verby sal wees. Daardie tyd word ná al die rook en bloed en rampe deur die Openbaringboek aangekondig. Jesus het ook in sy profetiese rede dieselfde hoop bevestig toe Hy gesê het dat al die natuurrampe die geboortepyne van 'n nuwe begin is. Die nuwe begin met Hom wat op die troon sit en sê: *Kyk, Ek maak alles nuut*! (21:5). 'n Nuwe aarde, 'n nuwe omgewing sonder rommel en trane vir altyd. DK

Prof. Gert Breed (Teologiese Skool Potchefstroom)

Ons vier fees!

die Teologiese Skool van die GKSA word 150 jaar oud

Reeds in 1869 het die Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika besluit om ’n Teologiese Skool op te rig. Dit was 10 jaar nadat die eerste gemeente, die Gereformeerde Kerk Rustenburg in 1859 gestig is. Op daardie stadium (1869) was daar slegs 14 kerke met 4 predikante en die stigting van die Teologiese Skool was dus ’n geloofsdaad van die paar kerke.

Die Teologiese Skool is oor die naweek van 26-29 November 1869 in ’n klein geboutjie te Burgersdorp feestelik geopen.

Onder die seënende hand van die Here het vanuit hierdie klein begin die huidige Teologiese Skool maar ook die Noord-Wes Universiteit (voorheen PU vir CHO) gegroei (vgl. die webblad van die GKSA vir ’n volledige beskrywing van die geskiedenis by https://www.gksa.org.za/teologieseskool.htm).

Die Teologiese Skool sal dus in 2019 150 jaar oud wees en ons wil in dankbaarheid fees vier en ook vorentoe kyk om te bepaal wat die Here van ons vra in ons tyd. Die program vir die feesvieringe word tans beplan.

Die volgende aksies word in die vooruitsig gestel:

- 'n Psalmfees
- 'n Wetenskaplike konferensie
- 'n Feesdinee en gedenklesing
- 'n Wetenskaplike publikasie
- 'n Populêr-wetenskaplike publikasie
- Verskillende artikels in *Die Kerkblad*
- 'n Fietstoer deur teologiese studente en ander lidmate vanaf Burgersdorp na Potchefstroom

Indien u meer inligting wil hê of ’n bydrae wil maak tot die feesvieringe, kan u met prof. Francois Muller kontak maak, by e-posadres Muller. Francois@nwu.ac.za DK

Dr. HPM (Malan) van Rhyn en ds. PW (Pieter) Kurpershoek

Kuratorerapport aan kerke, November 2018

Op 13 November 2018, 400 jaar nadat die Sinode van Dordt in 1618 ’n aanvang geneem het, het die Kuratore van die TSP met hulle vergadering begin. Die doel van die Kuratorium is om verantwoordelikheid te neem in die versorging van die predikantsopleiding binne ons kerke.

Met die woorde van Josua 5:7 het ds. Piet Venter, die voorsitter, die vergadering in die lig van die Here se Woord gestel. Hy het gewys op die voorreg wat ons as kerke het dat die Here die stryd voer en voor ons uitgaan, maar dat Hy ons ook ten diepste roep om gehoorsaam sy pad te stap.

Personeel by Teologiese Skool

Met hulle vergadering kyk die Kuratore eerstens na die welstand en werksaamhede van die professore en ander personeel wat by die TSP betrokke is. Tans is daar 15 teologiese professore betrokke by die opleiding van ons studente. Die leiding by die Teologiese Skool word gegee deur proff. Gert Breed (rektor), Henk Stoker (viserektor Studentesake) en Rantoa Letšosa (viserektor Akademiese Sake). Hartlike dank is uitgespreek teenoor prof. Francois Viljoen wat die afgelope termyn as viserektor Akademiese Sake gedien het. Die Kuratore het al die verantwoordelikhede van die professore onder oë geneem. Daar bestaan groot dank en erkenning vir die harde werk deur die professore. Hulle is nié net besig om hulle eie navorsing te doen en klas te gee nie, maar ook om op mindere of meerdere mate by gemeentes, susterssaamtrekke, toerustingsgeleenthede en kampe betrokke te wees. Daarmee saam dra hulle by tot teologiese navorsing in breër verband in Suid-Afrika en internasionaal.

Studente by Teologiese Skool

In 2018 was daar 53 broers (45 by die Teologiese Skool en 8 studente via Docenda) wat as bedienaars van die Woord voorberei word. Hierdie studente kry akademiese opleiding oor ses jaar. Daarmee saam deurloop hulle verskeie praktiese toerustingsgeleenthede waartydens hulle pastorale vaardighede bou en ervaring opbou in gesprekke met ongelowiges en mense met ander geloofsoortuigings. Hulle kry ook blootstelling aan jeugbediening, aan die bedieningswerk in ’n gemeente, beide in hulle eie kultuur en in ’n kruiskulturele opset.

Die Kuratore het met dank teenoor die Here die uitslae van die studente in 2018 op tafel geneem. Vier studente het hulle teologiese opleiding voltooi en gevolglik hulle kandidaatsertifikaat gekry, naamlik Orrie Oosthuizen (Thabazimbi), JC Potgieter (Potchefstroom Die Bult), Ruan Steyn (Benoni) en Jonker Venter (Pietersburg-Suid). Nog vier studente wat in 2019 finalejaarstudente sal wees, het preekverlof gekry, wat beteken dat hulle nou hulle preekgawes in die gemeentes kan oefen, naamlik Reinhart Boersema (GK Kandelaar), Phillip Hattingh (GK Randburg), Dirk Meijer (GK Oos-Moot) en Peet van der Westhuizen (GK Koster).

’n Besondere geleentheid was ook die kandidaatstelling van br. Tebogo Mogale. Hy was voorheen predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk in Mamelodi. Sedert 2012 is hy lidmaat van GK Mamelodi-Wes waar die Here hom gebruik het in die opbou van die gemeente. Na ’n lang en moeisame pad het die Kuratore besluit dat hy sy kandidaatsertifikaat kry waarmee hy by die Streeksinode kan aanmeld met die oog op beroepbaarstelling.

Verhouding met die Noordwes-Universiteit

Waar die TSP die moeder van die NWU is, was dit ’n voorreg dat die

visekanselier van die NWU, prof. Dan Kgwadi, met die Kuratore oor die situasie by die NWU kom gesels het. Te midde van groot uitdagings in die hoër onderwysomgewing is die NWU met haar herstrukturering besig om pariteit tussen die verskillende kampusse van die NWU te bewerkstellig.

Die Kuratore is tans besig om indringend aandag te gee aan die vraag hoe die Teologiese Skool in die toekoms moet funksioneer binne die breër opset van die ontwikkelinge binne die universiteitswêreld. Dit is in lyn met die opdrag van Sinode 2018 om die onderhandelinge met die NWU voort te sit in ooreenstemming met die Ooreenkoms en in die lig van die Rapport van die Kuratore en Sinodebesluite hieroor.

Teologiese opleiding en toerusting van ampsdraers/kerke
Die Kuratore saam met die teologiese professore gee op hierdie stadium dringend aandag aan die verskillende behoeftes in kerke ten opsigte van die opleiding van bedienaars van die Woord asook die toerusting van ampsdraers en kerke. Daarom het die Kuratore aan die einde van Augustus 2018, op versoek van die Senaat, 'n vraelys na alle kerke gestuur in verband met die bedieningsbehoeftes wat tans bestaan. Terwyl verskeie kerke al hierdie vraelyste teruggestuur het, is daar nog baie kerke wie se antwoorde nie ontvang is nie. Gevolglik wil die Kuratore die kerkrade aanspoor om so gou as moontlik hierdie vraelyste te bespreek, te voltooi en terug te stuur sodat die toerustingsbehoeftes van kerke bepaal kan word.

Ten opsigte van die opleiding van broers om as bedienaars van die Woord te kan optree, bestaan daar vir sommige studente verskillende uitdagings om vir ses jaar na Potchefstroom te kan kom. Daarom word daar gekyk na alternatiewe opleidingsgeleenthede waardeur studente vir die eerste paar jaar van hulle studie in hulle eie omgewings kan bly en tog die opleiding kan deurloop:

- Die Senaat, saam met die Kuratore, is besig om indringend aandag te gee aan die moontlikheid dat studente die eerste vier jaar van hulle opleiding te Mukhanyo Theological College kan doen.
- Daarmee saam is Docenda steeds besig om die opleiding van studente via afstandsonderrig te fasiliteer, alhoewel daar nou sekere uitdagings na vore begin kom het.

Expando is 'n ondersteuningsdiens van die kerke vir bedieningstoerusting en begeleiding om kerkgroei te stimuleer. Die Kuratore het kennis geneem van die werk van Expando en van die behoefte om Expando nie net op 'n deeltydse basis te bedryf nie, maar op 'n voltydse basis. Die Kuratore bid dat ons Here steeds meer geleenthede sal gee waardeur opleiding en toerusting uitgebou kan word, sodat sy genadewoord al meer in ons land kan weerklink!

Teologiese Skool 150 jaar oud
In Mei 1869 het die vierde Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika besluit om met die hulp van die Here 'n Teologiese Skool op te rig. In 2019 erken ons DV dat die Here oor 'n tydperk van 150 jaar hierdie Teologiese Skool laat groei en ontwikkel het. Daarom het die Kuratore goedgekeur dat verskillende gebeure in 2019 gaan plaasvind om die 150-jarige bestaan van die Teologiese Skool te vier. Nie alleen word 'n *feesweek* in September 2019 beplan nie, maar beplan die finalejaarstudente van 2019 ook 'n *fietstoer* van 20-28 Maart 2019 vanaf Burgersdorp tot in Potchefstroom, terwyl 'n verskeidenheid van publikasies, waaronder 'n feesbundel, in die vooruitsig gestel word.

Die pad vorentoe
Die Kuratore het in die twee dae se vergadering weer intens bewus geraak van die Here se genadige sorg. HY gee jong manne die diepe begeerte om die goeie nuus van Jesus Christus te verkondig. HY rus ons professore toe met die nodige empatie, wysheid en liefde vir Hom om hierdie jongmanne toe te rus. HY voorsien elke jaar weer die nodige gawes wat nodig is om hierdie toerustingswerk voort te sit. HY seën elke jaar se werksaamhede ... en is ons as mense ook genadig wanneer ons gebreke ook hier na vore kom.

Uiteindelik laat HY sy Koninkryk kom. Ons dank Hom, eer Hom en aanbid Hom!

Mag ons Here die teologiese opleiding in 2019 ook weer seën! DK